DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

STELLENBOSCH AFDELING
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
Faks: 086 628 5477
e-pos: stellenbosch_by_mcsa.org.za
Internet: http://www.ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 248 **HERFS (Maart 2007 tot Mei 2007)**

Hoe in die hoë wisselgang van dag en nag,
die ewige wederkeer van somer, winter,
die blinde stuiwing van die wyd-gebaande sterre
kan ons ons weg gaan sonder siddering?
- NP van Wyk Louw, Uit: 'Aan die skoonheid'

• LEDEGELD

Dankie aan al die lede wat reeds hulle ledegeld betaal het. Indien jy nog nie jou ledegeld betaal het nie, doen dit asseblief so gou as moontlik. Lede word daaraan herinner dat die keerdatum vir die betaling van ledegeld 31 Maart is.
Vir direkte inbetalings op die Klub se bankrekening (deposito of internet), moet jou lidmaatskaps-nommer as verwysing gebruik word.
Begunstigde: Bergklub van SA Stellenbosch Afdeling, *Bank:* ABSA, *Tak:* Stellenbosch, *Takkode:* 334-410 (onnodig vir internettransaksies), *Rekeningnommer:* 4058594483

• VERANDERING VAN E-POS ADRESSE

Let asseblief op dat ons die bestuurslede se e-pos adresse verander het (sien laaste blad van nuusbrief). Die redes is eerstens dat ons huidige adresse welbekend is by verspreiders van “spam” en ons letterlik honderde gemors boodskappe ontvang. Dit noodsaak ons om nie meer hierdie adresse te gebruik nie. Tweedens wil ons nie meer die “@” teken gebruik in dokumente wat op die Internet gelaai of deur e-pos versprei word nie. Die “@” teken word maklik raakgesien deur soek funksies wat e-posadresse oes vir “spam” verspreiders. Vervang dus eenvoudig die “_by_” gedeelte in die adresse met die “@” teken om vir ons ‘n e-pos te skryf. Die ou adresse sal aan die einde van Februarie finaal ophou werk.

• GASTEFOOI

Ons sit met ‘n werklike “catch 22” situasie (lees die boek! –red). Die Bergklub is ‘n klub, wat aktiwiteite aanbied vir sy lede en persone wat om lidmaatkap aansoek gedoen het. Aan die ander kant sit ons met groot getalle mense wat net belangstel om eenmalig saam te stap as gaste. Met ‘n kwynende ledetal en dalende deelname van lede kan mens seker wel argumenteer dat gaste ten minste bydra dat daar darem ‘n paar persone op elke uitstappie saamgaan. Maar die Bergklub wil nie ‘n organisasie word wat aktiwiteite vir ‘n betalende publiek aanbied nie (daarmee saam kom allerhande publieke aanspreeklikheids verantwoordelikhede). Ons moet ‘n klub bly, wat aktiwiteite aanbied vir (en deur) sy lede. Om gaste dus aan te moedig om eerder, en spoedig, aansoek te doen om lidmaatskap, is beslut om voortaan ‘n fooi van R20 per gas te hef op alle uitstappies. Binne twee uitstappies sou dit ‘n gas dus geloon het om eerder aansoek te doen! Jammer vir die leiers wat dit moet administreer.

• LEDESEKRETARIS TYDELIK AFWESIG

Neem kennis dat die lede-sekretaris, Pieter Diener, uit sy pos afwesig sal wees tot die middel van Maart (hy kuier lekker by sy seuns in Australië).

• LEDESAKE en LEDENUUS

Baie welkom aan ons nuwe aansoekers. Ons hoop julle sal lekker saamstap en dat ons julle spoedig in ‘n toekomstige nuusbrief as lede kan verwelkom.
Aansoekers: Christoph Strasser; Leonie van Rooyen; Carina Maré en Ronelle Pinard.
Nuwe Lede: Ongelukkig geen sedert die vorige nuusbrief nie.
Bedankings: Cecelia Lombard; Deon Retief (lid sedert 1966, vertrek oorsee); Sonja Wend (oorgeplaas na Suid-Kaap).

- Teuns Kok was op ’n 9 dae besoek aan Uganda vir witwater roei in die Nylrivier. Hul basiskamp was naby Jinja, daar waar die Nyl uit die Victoria meer ontstaan. Hy vertel van die baie vinnige en groot ‘rapids’, ‘stopper waves’ en ‘holes’. Hy het ook geflip en sy kop onder water hard gestamp; gelukkig nie te erg nie, want hy kom sy belewenis met ons deel.
- Bernard en Anna Heyns het vir ’n jaar lank hulle tuiste verruil vir Waco, 160km suid van Dallas in Texas, VSA. Bernard gee klas by die Universiteit van Baylor. Indien jy met Bernard en Anna wil gesels hier is hulle e-pos adres : Bernard_Heyns_by_baylor.edu.
- Die oievaar was besig met aflewerings aan ons lede. Baie geluk aan Wim en Francia Morris met die geboorte van hul baba dogtertjie, Cebella, gebore op 5 Februarie. Baie geluk ook aan Heinz en Lydia Jacobs met die geboorte van hulle baba seuntjie, Zander, gebore op 6 Februarie.
- En die arme ooievaar word geen rus gegun nie en gaan binnekort ook aanklop by die huise van Johan en Elvira Burger en Niki en Christine Steenkamp (Steinmann).
- Correnè Erasmus Coetzer het die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat van die kus van Antarktika (Hercules Inlet, 80°S) tot by die Geografiese Suidpool, 90°S, geski en gestap het. Baie geluk met hierdie prestasie. Sy sal op 7 Mei vir ons van haar ervaring vertel (sien elders in nuusbrief vir volle details).
- Sonja Wend het verhuis na Plettenbergbaai. Ons wens haar alle voorspoed toe en gaan haar deelname en bydrae voorwaar mis.

• DIE PIEK STEMPEL PROJEK

Dit is ons eie inisiatief: (1) BKSA Stellenbosch Afdeling wil sy stempel laat op elke bergpiek wat op ’n gereelde basis deur ons Afdeling geklim word en (2) ons wil hê jy moet kom help en saamklim!
Daar is reeds BKSA stempels geplaas op die Pieke (1494m), Jonkershoek en op Groot Drakensteinpiek (1491m). Die Pieke se stempel is in ’n aparte roomys bak (saam met inkkussing) op dieselfde plek waar die boekies by die baken gebêre word. Groot Drakenstein s’n vind u deur van die trig-baken in die rigting van Franschhoekpiek te kyk; daar sien u op vyf meter ’n groot plat klip lê. Die roomys bak met die stempel lê daar onder.
Die ander pieke wat deel uitmaak van die eerste fase is : Du Toitspiek (1994m), Victoriapiek (1591m), Buffelshoekpiek (2059m), Simonsberg (1390m), Haelkop (1384m), Sybasberg (1899m), Mostertshoek Tweeling (2031m), Baileyspiek (1517m) en Matroosberg (2249m). Hou die klimprogram dop vir wanneer ons beplan om hierdie pieke te gaan klim.
Kontak die bestuurslid vir klimprogram by uitstappies_by_ste.mcsa.org.za indien u meer wil weet of om aan die 10-pieke stempel projek deel te neem. Doen dit sommer nou! Bel vir Paul by 021 887 4113 of 021 808 3334 gedurende kantoor ure.

• NASIONALE BERGKAMP 2007 (o.b.a. “MINIKAMP”) TE DRIEHOEK, SEDERBERGE

Die Tygerberg Afdeling organiseer die BKSA se nasionale bergkamp in die Sederberge van 22 tot 29 September 2007. Basis kamp is op die plaas Driehoek. Daar sal verskillende uitstappies wees, bv. ’n sesdaagse dwarsstap, ’n vierdaagse sirkel roete, roetes oor twee en drie dae en ook eendag stappe. Ons het aansoekvorms en besonderhede ontvang. Kontak die bestuurslid klimprogram vir meer besonderhede. Lede is welkom om direk Irene Vermeulen (sscc_by_cybertrade.co.za; 021-975 4901; 072-303 3200) van die Tygerberg afdeling te kontak om in te skryf.

• ANDER BERGKLIM NUUSBROKKIES

- Lees in die Oktober uitgawe van MOUNTAIN FORUM (Africa) beskikbaar via http://www.mtnforum.org/rs/ol/periodicals/amf-newsletter-2006-10.pdf hoekom die gletsers op Kilimanjaro besig is om te smelt.

- Nuus van die UIAA (*International Federation of Mountaineering Associations*) kan gelees word by http://www.uiaa.ch. Daar is onder andere artikels oor die gebruik van medisyne en dwelmmiddels in bergklim sport en oor die *Tyrol Declaration on Best Practice in Mountain Sport* met 'n onderskrywing van die stelling "*Good style on big mountains implies not using fixed ropes, performance-enhancing drugs, or bottled oxygen*" tydens die algemene vergadering waarin Mike Mortimer van Canada gekies word as die nuwe UIAA voorsitter.

  (uit *NEWS: The UIAA Board's Newsletter No 7*)

- 'n Kaapse luiperd is op Jannie Niewoudt se plaas, bitter na aan die Klub se Breekkrantz eiendom gevang en met 'n GPS halsband toegerus. Hierdie (die vierde een tot dusver, en almal mannetjies!)) het 32kg geweeg. Vir meer informasie, gaan na www.capeleopard.org.za.

- HARRY BARKER'S SONGS AND VERSE: Johannesburg Section member, Harry Barker, who died on 17 August 2006 aged 99 years, was the composer of The Mug Song, Drakensberg Epitaph and the Song of the Magaliesberg, as well as hundreds of other songs and verse which he wrote throughout his long life. His son, William, has assembled 35 of his best works, as well as music, photographs and (very) short biographical details, to be published by what would have been his 100th birthday in June 2007. This will be a fascinating insight into a complex, sensitive mind, who profoundly affected many people, in the law, in mountaineering circles and other spheres. Some of the poems are moving, some are sad, some are funny. There are poems of love, poems on climbing and on life. The working title is "Here on the Rock". Any profits from the sale of the book will go to the Andries Olivier Ysterkoppe Vonds, an educational fund, administered by Landman Attorneys in Victoria West. The price will be in the region of R100. If you would like to be on a mailing list, please e-mail William on barkerw@absamail.co.za and you will be kept informed as the work proceeds.

- TABLE MOUNTAIN NATIONAL PARK (TMNP) ACCESS: Brent Jennings (brent@uctgsh1.uct.ac.za) posted on Cape Rock News Mail List: "If you want to sport climb in the TMNP, you need a 'permit' to do so. This is in the form of a Wild Card. There are several levels you can buy. What I would recommend is a Wild Card with a 'level 2', which pertains to sport climbing. This will allow you access at any of the entry points in the park, and allow you to sport climb at any of the crags for a year. This can be obtained at any main entry gate in the Park. Note that this is not merely a permit to gain entry, but is required for you to sport climb, no matter how you got to the crag. At this stage, a permit is not required for bouldering. However, it is likely that this will change, as bouldering has a fairly high environmental impact. Note that no permit is required to traditional climb anywhere in the TMNP, a situation with which we are very happy, and one that is not likely to change.

• AFSNY DATUMS VIR NUUS VIR DIE NUUSBRIEF

Die afsny datums vir bydraes in die komende nuusbriewe is soos volg, met die beoogde datum van publikasie in hakkies:
No 249: 11 Mei 2007 (18 Mei 2007)
No 250: 10 Augustus 2007 (17 Aug 2007)

Die bestuur is steeds op soek na 'n lid om die nuusbrief op te stel. Die geskikte persoon moet oor kennis van MS Word beskik, moet toegang hê tot MS Word en ook e-pos. Verkieslik moet die persoon binne bereik van Stellenbosch wees om twee oorblywende bestuursvergaderings by te woon, sowel as om die koeverte by die ledesekretaris af te haal alvorens dit gepos word. Kontak gerus enige van die bestuurslede vir meer inligting.

• VERANDERING VAN BESPREKINGSPROSEDURE BY CAPE NATURE

Neem kennis van die volgende veranderinge by Cape Nature vir besprekings via die Bredasdorp kantoor en Kaapstad hoofkantoor (soos ontvang op 18 Januarie 2007) :
"CapeNature is in the process of consolidating and streamlining its booking offices. From Thursday 18 January 2007, the Porterville and George offices will no longer be taking bookings. All bookings will take place via our Bredasdorp office and our Head Office call centre in Rondebosch."

- The Bredasdorp office will continue to manage bookings only for the following nature reserves: De Hoop and the Whale Trail; De Mond; Grootvadersbosch; Marloth; Anysberg; Walker Bay. Telephone: (028) 425 5020, Fax: (028) 425 5030, email: bredasdorp_by_capenature.co.za

- The Rondebosch Head Office call centre will now manage bookings for all the remaining reserves. Telephone: (021) 659 3500, Fax: (021) 659 3409, email: bookings_by_capenature.co.za

• UITSTAPPIELEIERS

AANDAG LEIERS: Stuur 'n volledige uitstappieverslag aan die bestuurslede vir klimprogram en omsendbrief. Die e-pos adresse is op die agterblad van die nuusbrief. Stuur 'n harde kopie aan Die Sekretaris, BKSA, Posbus 152, Stellenbosch, 7599. 'n Faks kan ook gestuur word aan ons nuwe faksnommer: 086 628 5477. Die uitstappieverslagvorm word aan alle leiers saam met die omsendbrief gepos. Die vorm is ook via ons tuisblad bekombaar.

• KLIMPROGRAM: Maart tot Mei 2007

Let wel :

- Deelname aan uitstappies geskied op eie risiko.
- Bel asseblief die leier voor elke uitstappie om jou plek te bespreek. Sluitingsdatum gewoonlik een week voor naweekuitstappies.
- Die tye op die program aangedui is vertrektye, kom asseblief 10 minute vroeër.
- Indien jy twyfel oor die moeilikheidsgraad van die uitstappies, bel die leier vir meer inligting.
- Nie-lede betaal R20 vir deelname per uitstappie, plus die volle permitfooi.
- Persone wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir permitkoste aanspreeklik gehou word.
- Die normale samekomsplek vir alle uitstappies is voor die US Elektriese Ingenieursgebou se ingang (parkeerterrein aan die Oostekant van die Ingenieursgeboue uit Banhoekweg), tensy anders vermeld.
- In geval van verslegtende weersomstandighede besluit **die leier** om 'n uitstappie te kanselleer of nie. In geval van twyfel skakel die leier, nie die weerkantoor nie.

SONDAG 25 FEBRUARIE: KERKDIENS OP TAFELBERG

Die jaarlikse kerkdiens by Maclear's baken. Kontak die leier vir die reëlings en roete. Onthou die ledekaarte om gratis by Kistenbosch se hek in te kom; anders betaal jy!
Leier: Jaap van Wyk 887 5337(h)
Vertrek: 7h30 vanaf Elektriese Ingenieursgebou.
Bydrae vir brandstof: R45

SATERDAG 3 MAART 2007 - AGATHA'S GULLEY, TAFELBERG

Harry van die Kaapstad afdeling neem ons op via 'Agatha's Gulley' met 'n dwarsstap rondom Klaassenskop en deur die 'Hole in the Wall'. Die roete bied skadu in plekke met 'n bietjie klouterwerk. Vol waterbottels. Getalle beperk.
Leier: Harold Green 674 2366 of e-pos: greenbos_by_absamail.co.za
Vertrek: Ontmoet die leier by Constantianek om 8h30
Bydrae tot brandstof: R45

MAANDAG 5 MAART: SOSIAAL – SKYFIEVERTONING

Die Steinmann's en Calitz'e bied aan hul mooiste skyfies van hul stap en klim in die Dolomiete. Verversings na die tyd.
Plek en tyd : Anorganiese Chemiegebou, Bosmanstraat, lokaal 2017 om 19h00
Navrae: Paul Verhoeven 808 3334(w) of 887 4113(h).

SATERDAG 10 MAART 2007 - WOLWEKLOOF, GROOT DRAKENSTEINBERGE

Gesinsuitstappie na Wolwekloof. Rustig met lekker poele.
Leier: Lydia Cilliers 021 876 4461(h) of e-pos: lydiac_by_telkomsa.net
Vertrek: 8h30 vanaf Robertsvallei
Bydrae tot brandstof: R30

SATERDAG 17 MAART 2007 - RIEBEEK KASTEELBERG

Ons stap van Malmesbury se kant af op Kasteelberg, (naby Riebeek Kasteel) om die Swartland van sy hoogste piek af te besigtig. Dit is 'n maklike stap, en behoort nie langer as 2 ure tot bo te neem nie. Pak genoeg water, hoed, middagete en sonbrandroom vir 'n lekker middag kuier. Vir meer besonderhede kontak die leier.
Leier: Riaan Doorduin 083 289 3942
Saamkoms: 8h30 by die Riebeek Kasteel afdraai pad tussen Wellington en Malmesbury
Bydrae tot brandstof: R60

SONDAG 18 MAART 2007 - SPORTKLIM, KLEINMOND

Die Paarl/Wellington Afdeling kom saam by Kleinmond vir sportklimme. Die konvenor nooi ook Stellenbosch lede om saam te klim. Kontak die sameroeper vir meer besonderhede.
Sameroeper: Iain Smuts 082 877 2556; personaltax_by_xsinet.co.za

WOENSDAG 21 MAART 2007 - TWEEDE WATERVAL, JONKERSHOEK

'n Rustige stap in ons eie natuurgebied met ter afsluiting ietsie in die teetuin by die hek. Bel leier. Onthou Wild Cards (of die Klub betaal vir lede en aansoekers by die hek).
Leier: Alida Joubert 082 890 8610
Vertrek: 8h00 vanaf Jonkershoek se hek
Bydrae tot brandstof: R15

SATERDAG 24 MAART 2007 - RIFBERG, JONKERSHOEK

Rifberg via Langrivierkloof. Lang dag met 'B'-graad klouter. Bel leier asb voor die tyd.
Onthou Wild Cards.
Leier: Paul Verhoeven 808 3334(w) of 887 4113 (h) of e-pos: pfmv_by_sun.ac.za
Vertrek: 7h15 vanaf Jonkershoek se hek
Bydrae tot brandstof: R15

NAWEEK VAN 31 MAART - 1 APRIL: MOSTERTSHOEK TWEELINGE, HEXRIVIERBERGE

Klim één van Mostertshoek se tweelinge via die klassieke "Green Gullies" klouterroete. Kom toegerus vir slaap (tipe bivak) hoog teen die hange. Lang dag Sondag. Afhangende van wie belangstel kan ons dalk langer bly. Bel leier vir finale reëlings.
Leier: Paul Verhoeven 808 3334(w) of 887 4113 (h) of e-pos: pfmv_by_sun.ac.za
Vertrek: Saterdagoggend 11h00 vanaf die Elektroniese Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R70

SATURDAY 14 APRIL 2007 - ORANGE KLOOF

A 6-hour hike through the valley and climb to Room with a View before scrambling through cracks on the caveman's Overhang route. Phone the leader from Monday 9 April after 18h00 to book. Limited to 12 persons.
Leader: Karen Watkins 076 543 7266, email Karen-watkins1_by_gmail.com
Vertrek: 8h00 vanaf die Ingenieursgebou om die leier by Constantia Nek te ontmoet om 09h00.
Bydrae tot brandstof: R45

SONDAG 15 APRIL 2007 - GROENBERG, PAARL

Christel vat ons van plaas tot plaas oor Groenberg. Mooi panoramas. Bel die leier om te bespreek.
Leier: Christel Jost 021 872 4084 (slegs na 19h00 saans) of e-pos: christeljost_by_tiscali.co.za
Vertrek: 7h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou om die leier by die Paarl se munisipaliteitsgebou (die groot grys gebou links by die verkeersirkel op die Boulevard) te ontmoet om 7h35.
Bydrae tot brandstof: R35

SATERDAG 21 APRIL 2007 - SIMONSBERG, STELLENBOSCH

Die juweel van die wynlande met pragtige panoramas. Bel leier.
Leier: Louw Engelbrecht 082 781 0783
Vertrek: 7h30 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R25

(1) VRYDAG 27 APRIL TOT DINSDAG 1 MEI 2007 - BREEKKRANTZ, SEDERBERGE

Heerlike lank naweek as jy Maandag kan afvat om die bergklub eiendom wes van Kromrivier te kom verken (dalk sien ons die luiperd!). 'Korter' lang naweekers is ook welkom. Bel die leier voor die tyd.
Leier: Gerhard van Wyngaardt 021 685 5428 (h) of 083 2334927
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R120

(2) VRYDAG 27 APRIL TOT DINSDAG 1 MEI 2007 - SPORTKLIM, SEDERBERGE

Die Paarl/Wellington Afdeling besoek die gebied Sandrift / Truitjieskraal / Wolfberg in die Sederberge vir sportklimme. Klimmers van die Stellenbosch Afdeling is welkom om aan te sluit. Sal Maandag verlof moet neem. Kontak die sameroeper vir meer besonderhede. Onthou jou Wild card.
Sameroeper: Iain Smuts 082 877 2556; personaltax_by_xsinet.co.za

SONDAG 6 MEI 2007 - HAELKOP, JONKERSHOEK

'n Gesamentlike uitstappie met Kaapstad Afdeling. 'n Langerige stap teen 'n ietwat vinnige pas met hier en daar klouterwerk. Die pragtige uitsigte oor die Hottentotsholland berge en veel verder sal alles die moeite werd maak. Bring klere teen gure weer.
Leiers: Philippe en Annette Mainçon 021 883 95 84 (bel na 18h00 vanaf 2 Mei)
Vertrek: 8h00 vanaf Jonkershoek se hek
Bydrae tot brandstof: R15

MAANDAG 7 MEI 2007 - SOSIAAL MET CORRENE ERASMUS-COETZER

Ons eie Correnè het die eerste Suid-Afrikaanse vrou geword wat van die kus van Antarktika (Hercules Inlet, 80°S) tot by die Geografiese Suidpool, 90°S, geski en gestap het. Sy was deel van 'n span van 3 vroue wat 1200 km in 54 dae afgelê het, in temperature wat het gewissel het van -3°C tot -50°C. Kom luister na haar belewenisse van hierdie Suidpool ekspedisie. Verversings na die tyd.
Plek en tyd: Anorganiese Chemiegebou, Bosmanstraat, lokaal 2017 om 19h00
Navrae: Paul Verhoeven 808 3334(w) of 887 4113(h)

SATERDAG 12 MEI 2007 - GESINSUITSTAPPIE NA DUIWELSKLOOF, GROOT DRAKENSTEIN

Gesinsuitstappie na Duiwelskloof. Ons stap tot waar ons (en die kinders) lus is.
Leiers: Theuns en Lydia Cilliers 021 876 4461(h); lydiac_by_telkomsa.net
Vertrek: Ontmoet die leiers om 9h00 by die afdraai (Pniel Primêre Skool) na die ou plaas Bethlehem (voorheen deel van Anglo Rhodes farm)
Bydrae tot brandstof: R25

NAWEEK 19 - 20 MEI 2007 - TURRETPIEK, KOUE BOKKEVELDBERGE

Ons stap deur die Koue-Bokkeveldberge tot op die vlaktes na die Turret en slaap in die grotjie. Sondag klim ons dan Turretpiek. Bel leier voor die tyd. Kom toegerus om in koue weer te stap.
Leier: **Hans Scheffler 082 788 9515**
Vertrek: 6h00 vanaf die Elektriese Ingenieursgebou
Bydrae tot brandstof: R100

NAWEEK 26 – 27 MEI 2007 - ZEEBASBOSCH WERKSNAWEEK

Nee, ons gaan nie ophou nie; dit begin dan nou eers lekker word. En daar is nog 'n klomp hakea en denne wat uitgeroei moet word. Hierdie keer neem ons my nuwe kettingsaag saam. Onthou langbroeke, moue en handskoene wat sal help teen die stekels.
Leier: Gerhard van Wyngaardt 021 685 5428 (h) of 083 2334927
Vertrek: 7h00 vanaf die Ingenieursgebou
Bydrae vir brandstof: Bestuurders sal uit klubfondse vergoed word.

- **UITSTAPPIEVERSLAE**

Dragoon Buttress, 9 September 2006

Derde probeerslag goed geluk! Nadat die twee vorige beplande uitstappies (lees vorige omsendbriewe) weens slegte weer nie heeltemal suksesvol was nie, het vier van ons Saterdag in laaghangende mis teen die hange van Dragoon Buttress weer probeer. Deurnat het ons tot by die wit oorhangende kranse links van Eikenhofkloof gevorder waar die mis begin opklaar het. Of liewer,

ons het tot bo die wolke geklim en ’n betowerende wêreld het vir ons ontvou.
Slegs die koppe van die omliggende pieke het bo die wolke uitgesteek; alles laer as 1200meter het onder die wolke gebly. Ons word begroet met die eerste geel veldblomme na die brand in die vorige somermaande. Middagete was ons by die nek bokant Duiwelskloof met voldoende energie om Groot Drakensteinpiek (1494m) te klim waarna ons met laasgenoemde kloof begin afgaan het.
Eers na 12 ure van aktiwiteit het ons weer veilig in Stellenbosch aangekom. Jammer daar was nie meer lede op hierdie uitstappie in die berge rondom ons nie.
Leier: Paul Verhoeven. Deelnemers: Carin Duminy (aansoeker), Christoff Strasser (gas), Bernard Kapps (gas)

Skyfievertoning oor onlangse klubuitstappies, 2 Oktober 2006
Slegs elf lede het hierdie sosiale aand bygewoon nieteenstaande die pragtige pryse geborg deur Outdoor Escape en Leotana. Chris Mostert van Leotana het die ‘Lucky Draw’ behartig met die gevolg dat Mintie Holtzhausen ’n *Petzl* koplamp ryker geword het, terwyl Christine en Maretha Steinmann respektiewelik met *Falke* sokkies en ’n Buff nek/kopdoek weggestap het.
Die bestuur dank vir *Outdoor Escape* en *Leotana* vir hulle borgskappe.

Thomashut 75 bestaansjaar vieringe, 3-5 November 2006
Ondanks die gure weer het daar by die lapa op Fairy Glen Wild Park (die plaas waaroor toegang tot Thomashut verkry word) ongeveer 85 lede en gaste uit verskillende afdelings opgedaag vir die feesvieringe ter geleentheid van die 75ste bestaansjaar van die Thomashut.
Die verrigtinge het begin met ’n drankie gevolg deur heerlike kos, op Vrydagaand. Daar was verskillende toesprake en bedankings gelewer. Onder andere het Piet Malan stories vertel van toe die hut nog in aanbou was. Die partytjie het eers om elfuur geëindig! Dit het die aand en nag gereën, maar voorsiening is gemaak om in die lapa te oornag.
In die loop van Saterdag onder swaar bewolkte weer en met reëns tot die middag, het ongeveer 45 mense by die Thomashut aangekom. Die verbasing was groot toe die tafel gedek word met ’n verskeidenheid van brode, kase, olywe, smere, wyne en braaivleis. Na die kos het die bedankings gevolg oor ’n paar grappe en gesang onder begeleiding van Ulli se bekfluitjie. Van die geselskap het sommiges in die hut geslaap, maar die meerderheid het eie tente verkies. Daar was genoeg matrasse, selfs vir die tentslapers!
Na ’n lang Sondagontbyt, met die oorskietkos van die feestelikhede, het groepies sporadies huiswaarts begin keer. Baie dankie aan die Worcester Afdeling vir die reëlings en al die klein verrassings tydens die vieringe. Ons het dit alles ten spyte van die gure weer terdeë geniet.
Leier: Paul Verhoeven. Deelnemers (van ons Afdeling!): Maryna Loubser, Karen Watkins, Eric Maguire, Theunis en Lydia Cilliers, Johan Loubser (gas), Tian en Salmo Cilliers (gas-kinders)

Mont Rochelle, 11 November 2006

Dit was ’n mooi dag met pragtige uitsigte en baie blomme na verlede jaar se brand. Ons (vier lede, drie gaste en drie kleuters) het rustig gestap tot by die Wemmershoekuitkyk. Vyf van ons het die bobbejane op Observation Point gaan skrikmaak. Oppad terug het die kinders paddavissies probeer vang in die poele.
Leier: Lydia Cilliers. Deelnemers: Theunis Cilliers, Dieter en Maretha Steinmann. Kinders: Tian en Salmo Cilliers, Philip Lotriet. Gaste: Welma Wehmeyer, Ronel Pienaar, Dries Lotriet.

Kromrivierhut, 25-26 November 2006
Ons het heerlik geswem, dennebome geklim, ge-abseil en geswaai (danksy twee pa’s wat dit geniet het om die toue in die bome vas te maak). As ons meer heksleutels kan kry sal dit nog lekkerder wees.
Leier: Lydia Cilliers. Deelnemers: Theunis Cilliers, Peter-Jan Randewijk, Mintie Holtzhausen. Kinders: Tian en Salmo Cilliers, Lydia en Jan-Dirk Randewijk, Pieter en Hildegard Conradie, Mieke de Wet. Gaste: Ernst en Marietjie Conradie, Marelie Randewijk, Koos Holtzhausen.

Matroosberg, 2-3 Desember 2006
Uitstappie gekanseleer a.g.v. gebrek aan belangstelling.

Leier: Retief Jordaan

Witelsrivier, 10 – 14 Desember 2007
Ons was weer 'n vol groep. Die weer het ook lekker saamgespeel. Ons wonder of die paradys van die Hemel nie die Witelskloof is nie? Indien JY nog nie daar af was nie, kontak die leier vroegtydig. Ons gaan beslis weer!

Leier: Paul Verhoeven

Witrivier, 14 Januarie 2007
Dit was 'n heerlike manier om die jaar mee af te skop en ontslae te raak van die vakansie luiheid. Weens die felle son was dit lekker vir die 9 stuks om baie na aan die water te wees en die swemme te geniet. Die kloof is ietwat langer as wat mens dink en teen die einde het veral die leier se ou bene maar swaar begin trek met die op en af oor die boulders. 8 uur begin stap vanaf Eerste Tol en net voor vyf by Tweede Tol aangekom.

Leier: Prieur du Plessis

Hangklip by Pringlebaai, 20 Januarie 2007
Skroeiende hoogsomer met 'n tierende Suidooster wat sy bes doen om ons van die piek af te waai! Pragtige kusfynbos in die Brodie Link, maar digte krapbossies teen die Noorderhang van Hangklip. So tweederdes op rus ons in die lieflike groot ou oorhangkrans. Maar behalwe die uitsigte, die groot plesier, veral vir die kinders en die kindses, is die Kabouterwoud van verwronge ou melkhoute (wat moontlik eeue oud is) en die diep kruipgange in die Drostergrot se skeure. As jy self wil gaan, onthou 'n flits, water en trek 'n langbroek aan. Volgens almal 'n mooi en gesellige uitstappie.

Leier: Coen Calitz

Duiwelskloof - Eikenhofkloof, 27-28 Januarie 2007
Dit was seker één van die warmste naweke van die somer. Waarskynlik het die hitte meeste lede laat afskrik. Nietemin die uitstappie het plaas gevind. Die twee wat op die einde oorgebly het, het dit heel rustig gevat en was Sondag middag weer tuis. Daar was nog voldoende water in die klowe om hier en daar gou 'n dip te vat. Gelukkig het dit in hierdie gedeelte van die Groot Drakensteinberge nie gebrand nie.

Leier: Paul Verhoeven

• DIE BESTUUR VIR 2006/2007

Voorsitter	Gerhard van Wyngaardt	083 233 4927	voorsitter by ste.mcsa.org.za
Sekretaris	Louw Engelbrecht	082 781 0783	sekretaris by ste.mcsa.org.za
Tesourier	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	lidmaatskap by ste.mcsa.org.za
Lede sekretaris	Pieter Diener	021 887 2265 (h)	tesourier by ste.mcsa.org.za
Nuusbrief	-- Vakant --		nuus by ste.mcsa.org.za
Klimprogram	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	uitstappies by ste.mcsa.org.za
Toerusting	Paul Verhoeven	021 887 4113 (h)	toerusting by ste.mcsa.org.za
Webmeester	Riaan Doorduin	083 289 3942	webwerf by ste.mcsa.org.za
Klub sleutels	Louw Engelbrecht	021 852 0443 (h)	sleutels by ste.mcsa.org.za
Algemene navrae		stellenbosch by ste.mcsa.org.za	
Uitstappieverslae		Uitstappieverslae by ste.mcsa.org.za	
Die Afdeling se eposlys		Stemail by ste.mcsa.org.za	

Die bestuur is ook per faks bereikbaar. Ons sal jou faks boodskap per e-pos ontvang. Die faksnommer is 086 628 5477.

• NUTTIGE KONTAKNOMMERS

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor:	021- 465 3412
WKNBR Jonkershoek Kantoor:	021-866 1560
Jonkershoek Reservaat bestuurder	Patrick Shone 082 467 0405
Bergredding: Metro/WSAR	10177 of 021-948 9900

Cape Nature: http://www.capenature.org.za/Bookings/html/bookings.html

Nuusbrief versorg deur Paul Verhoeven en Gerhard van Wyngaardt
einde van nuusbrief No 248